View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Stellenbosch University SUNScholar Repository



**Johann R.E. Lutjeharms.** *Oseanologiewoordeboek Engels–Afrikaans/Dictionary of Oceanology English–Afrikaans*. 2004, xvi + 334 pp. ISBN 186890041X. Kaapstad/Cape Town: Pharos Woordeboeke/Dictionaries. Prys: R175.

Een van die opvallende kenmerke van die onlangse ontwikkeling in die teoretiese leksikografie is die klem op die onderskeid tussen algemene leksikografie en gespesialiseerde leksikografie en die daaruitspruitende opbloei in die leksikografiepraktyk van vak- of gespesialiseerde woordeboeke. Hierdie nuwe generasie vakwoordeboeke is leksikografiese naslaanbronne waarvan die samestelling voorafgegaan is deur die opstel van 'n volwaardige woordeboekplan wat voorsiening maak vir sowel 'n vakkundige basis as 'n stewige metaleksikografiese grondslag. Soos in die algemene leksikografie staan die gebruiker en sy/haar behoeftes ook sentraal in die opstel van vakwoordeboeke, en in die vasstelling van die gebruikersprofiel word die aard en omvang van die leksikografiese bewerking grootliks bepaal deur leksikografiese funksies. In hierdie verband is multifunksionele woordeboeke dikwels die teiken van die leksikografiese proses met 'n aanbod wat vir sowel kennisgerigte as kommunikasiegerigte funksies voorsiening maak.

Hierdie ontwikkeling in die vakleksikografie lei tot produkte wat gekenmerk word deur veel uitvoeriger bewerkings as wat vroeër tipieserwys die geval was. Daar word dikwels wegbeweeg van 'n vakwoordeboek wat slegs 'n lys brontaalitems met hulle vertaalekwivalente in die doeltaal bevat ten gunste van betekenisverklarings of bykomende konteks- en koteksleiding. Maar die ontwikkeling van die vakleksikografie loop ook parallel met die behoeftes van spesifieke teikengebruikers en hierdie behoeftes mag juis soms die daarstelling van 'n vakwoordeboek noop wat in sy omvang of in die aard van sy leksikografiese bewerking verskil van talle vakwoordeboeke wat in die onlangse verlede gepubliseer is.

Suid-Afrikaanse oseanoloë het toegang tot vakpublikasies waarin die internasionale terminologie van die vakgebied uiteengesit word. Vir begripsprobleme is hierdie bronne beskikbaar en toeganklik. Die terminologie wat in hierdie bronne aan die orde gestel word, is egter slegs in Engels. Met die *Oseanologiewoordeboek Engels–Afrikaans/Dictionary of Oceanology English–Afrikaans* (voortaan afgekort as OW) poog Lutjeharms om aan die behoefte van Suid-Afrikaanse oseanoloë te voldoen wat vertroud is met die Engelse vakterme maar wat op soek is na Afrikaanse ekwivalente daarvoor. En dit is 'n werklike behoefte van werklike gebruikers wat bepalend was vir die aard en omvang van, asook die leksikografiese aanbod in die OW. Die eenrigtingkarakter van die OW, te wete 'n bewerking wat slegs vanuit Engels na Afrikaans strek, moet ook in die lig van die gebruikersbehoeftes verstaan word. Op hierdie vlak lewer OW 'n bydrae wat nêrens betwis mag word nie.

Die oseanologie is 'n vakgebied wat uit verskeie onderafdelings bestaan, onder meer 'n fisiese, 'n chemiese, 'n biologiese en 'n geologiese komponent. Dit verbreed die omvang van die relevante vakterminologie aansienlik. Daarbenewens oorvleuel die oseanologie in sy terminologie met 'n verskeidenheid ander

vakgebiede, bv. die waterboukunde en kusingenieurswese, terwyl skeeps-, seemans- en navigasieterme eweneens vir die oseanoloog ter sake is. Binne die vakleksikografie met sy onderskeiding tussen subveld-, enkelveld- en multiveld-vakwoordeboeke vra die oseanologie om 'n multiveldvakwoordeboek. Een van die groot probleme vir die opsteller van so 'n woordeboek is die keuse van terme vir opname en weglating. In sy voorwoord stel Lutjeharms dit duidelik dat dit die mikpunt van hierdie woordeboek is om 'n gebruikersvriendelike en doelmatige bron te wees. Ook in sy lemmakeuse het hy hom hierdeur laat lei en die gebruiksfrekwensie van terme as 'n bepalende kriterium gebruik vir opname al dan nie. In hierdie verband sluit sy werkswyse regstreeks aan by 'n dominante benadering in die korpusgedrewe leksikografie waar gebruiksfrekwensie so 'n belangrike rol speel.

Die OW vertoon 'n raamstruktuur en die belangrikste funksionele buitetekste is 'n inhoudsopgawe, 'n voorwoord en 'n toeligtingsteks as voortekste (al drie hierdie tekste word in Afrikaans en Engels gegee). Die raamstruktuur van die woordeboek word voltooi met 'n enkele agterteks, nl. 'n teks met bronne en verwysings. Die toeligtingsteks is beperk tot 'n verklaring van enkele van die konvensies wat in die woordeboek gevolg word. Vir die kundige gebruiker bied dit genoegsame leiding om die verlangde inligting aan die woordeboek te kan onttrek.

Met 'n eerste oogopslag lyk dit of die sentrale teks met sy, volgens die agterbuitebladreklame, meer as 30 000 oseanologiese en tegniese terme slegs 'n lysting van Afrikaanse lemmata met hulle Engelse vertaalekwivalente bevat. Nadere ondersoek lewer tog bewys daarvan dat die bewerking dikwels veel verder as dit strek. Die verpligte mikrostruktuur, dit is die struktuur van die verstekartikels met die minimum leksikografiese bewerking, bied weliswaar as bewerking van die lemmateken slegs 'n enkele vertaalekwivalent, maar daarnaas vertoon talle artikels 'n uitgebreide mikrostruktuur waar die enkele vertaalekwivalent aangevul word met ander inskrywings. Hier gaan dit veral om doeltaalsinonieme wat aan die gebruiker 'n keuse van vertaalekwivalente bied. Die lysting van vertaalekwivalente is nie arbitrêr nie, maar word in 'n volgorde van verkieslike gebruik gegee; al is dit, soos die leksikograaf in die toeligting sê, 'n subjektiewe volgorde. Hier kan die gebruiker hom/haar ten minste verlaat op die subjektiewe oordeel van 'n deurwinterde vakkundige.

Vir die voorkoms van divergensie as ekwivalentverhouding soos blyk uit die aangawe van meerdere vertaalekwivalente in die bewerking van een lemma maak die toeligtende aantekeninge voorsiening deur aan te dui dat die optrede van meerdere vertaalekwivalente doeltaalsinonimie impliseer. Dit gaan dus om leksikale divergensie. Die vertaalekwivalente wat soms ter bewerking van een lemma aangebied word, lyk egter nie altyd na doeltaalsinonieme nie, maar eerder na ekwivalente ter bewerking van verskillende polisemiese waardes van die lemma. Die bewerking van die lemma *fetch* lyk na so 'n voorbeeld van semantiese divergensie:

**fetch:** stryklengte, aanloop, ontstaangebied, bereik, opwekafstand, haal

In 'n artikel soos hierdie is bykomende inskrywings nodig om die gebruiker met die nodige konteksleiding te help.

Sinonimie-aanduiding word nie net ten opsigte van die doeltaal verstrek deur die toepassing van leksikale divergensie nie, maar 'n bykomende prosedure van lemmatiese adressering bied ook, waar toepaslik, sinonieme vir die brontaalvorm. Hierdie brontaalsinonieme volg, in hakies, onmiddellik op die lemma en word, soos die lemma, ook in vet druk gegee. Deur hierdie tipografiese struktuurmerker word die doeltaalsinoniem nie net ter bewerking van die lemma aangebied nie maar word dit ook 'n primêre bewerkingseenheid en die slotkomponent van 'n dubbellemma. Soms word daar meer as een brontaalsinoniem gegee, maar in hierdie gevalle bied die toeligtende aantekeninge ongelukkig geen aanduiding van 'n voorkeurvorm of 'n keuse volgens gebruiksfrekwensie nie. Hierdie probleem word daardeur vererger dat al die brontaalsinonieme op hulle beurt lemmastatus kry met telkens 'n aanduiding van die ander lede van die sinoniemparadigma asook die vertaalekwivalente. Per gevestigde leksikografiese konvensie word die gebruiklikste lid van 'n brontaalsinoniemparadigma uitvoerig bewerk terwyl die ander lede as lemmata van verwysingsartikels verstrek word. Hierdie konvensie is 'n vorm van leksikografiese teksverdigting wat veral in 'n woordeboek met kundige gebruikers ruimtebesparing in die hand werk. Ook in OW sou dit met welslae toegepas kon gewees het.

OW maak ongelukkig nie 'n onderskeid tussen brontaalsinonieme en brontaalwisselvorme nie. Wisselvorme, bv. *faetal* en *fetal*, word op dieselfde manier as brontaalsinonieme aangebied.

In OW word dieselfde vertaalekwivalentparadigma soms in die bewerking van al die brontaalsinonieme aangebied, maar soms is daar 'n effense verskil. Die gebruiker kry egter geen leiding oor hoe om hierdie verskille te interpreteer nie. Vergelyk die geval *reference station* met *standard station* en *standard port* as sinonieme. In die bewerking van hierdie drie brontaalsinonieme word dieselfde vertaalekwivalentparadigma, nl. *verwysingspunt, verwysingstasie* telkens gegee. Dit is 'n stelselgetroue aanbieding wat egter nie in alle artikels gevolg word nie. In hulle optrede as lemmata kry elk van die brontaalsinonieme *bacterial film, diatom film, primary film* en *slime film* 'n lysting van al die ander lede van die sinoniemparadigma. Hieruit lei 'n mens af dat hulle absolute sinonieme is. Die vertaalekwivalentparadigma wat aangebied word, verskil egter van geval tot geval:

**bacterial film** primêre laag, primêre vlies

**diatom film** diatomeelagie, kristalwierlagie, slymlaag, primêre laag, primêre vlies

**primary film** primêre laag, primêre vlies, slymlaag

**slime film** slymlaag, primêre laag, primêre vlies.

Vir die gebruiker wat op soek is na die mees gepaste Afrikaanse ekwivalent is hierdie soort bewerking onbevredigend.

Die multidissiplinêre aard van die oseanologie en die gevolglike multiveldkarakter van hierdie woordeboek noodsaak die gebruik van leksikografiese etikette om konteksleiding te gee. Lemmata word geëtiketteer, bv. die lemma *lee wave* met sy etiket *(meteorology)* en die lemma *needle* waar die etiket *(e.g. ice)* konteksleiding verskaf. Etikette word ook in die vertaalekwivalentparadigma gebruik, byvoorbeeld waar al die vertaalekwivalente nie tot dieselfde veld of subveld behoort nie. Vergelyk in hierdie verband die artikel van die lemmateken *deflection*:

> **deflection:** afwyking *(rigting)*, uitwyking *(geologie)*, defleksie *(strale, algemeen)*

Hierdie tipe etikettering kom algemeen in die OW voor en dra veel daartoe by om die pragmatiese verankering van bron- en doeltaalvorme te verseker.

Die makrostruktuur van die OW maak nie net vir woordlemmata voorsiening nie, maar ook vir meerwoordige leksikale items wat as multileksikale lemmata opgeneem word. Vergelyk die opname van lemmata soos *finite difference method, mean sounding depth* en *reversals of the earth's magnetic field*. Hierdeur slaag die OW daarin om die oseanologiese leksikon in sy breë omvang weer te gee. Ook die vertaalekwivalente is dikwels meerwoordige leksikale items of selfs 'n bondige parafrase wat as surrogaatekwivalent optree. Die makrostruktuur bied naas hooflemmata ook sublemmata. Sublemmata word in 'n blokvorm as 'n lemmanes aangebied. Vergelyk die volgende voorbeeld:

> **production** ...
> > **production, androgen** ...
> > **production, bacterial** ...
> > **production, carbon** ...

Alhoewel die stelsel nie in die toeligtende aantekeninge verklaar word nie, behoort die gebruiker nie probleme hiermee te ervaar nie aangesien die stelsel konsekwent toegepas word. Wat leksikografies minder aanvaarbaar is, is die feit dat die sublemmata elders op hulle alfabetiese plek as hooflemmata opgeneem word: *androgen production, bacterial production*, e.s.m. Hierdie soort duplisering behoort vermy te word.

In OW is daar verskeie ander kleiner lastighede en stelselprobleme, maar die foute word volledig oorskadu deur die bydrae wat hierdie woordeboek maak. Die bydrae is enersyds die bymekaarbring van die Engelse terminologie, maar andersyds, en veral, die aangawe van die Afrikaanse vertaalekwivalente. In hierdie verband speel die OW 'n belangrike rol in die vestiging en die stan-

daardisering van die oseanologiese vakterminologie. OW is 'n wesenlike toevoeging tot die Afrikaanse vakleksikografie en prof. Johann Lutjeharms verdien erkenning vir 'n werk van onbetwisbare gehalte.

R.H. Gouws
*Department Afrikaans en Nederlands*
*Universiteit van Stellenbosch*
*Stellenbosch*
*Republiek van Suid-Afrika*
*(rhg@sun.ac.za)*